24 MAART 2020
HERDERSBRIEF #10

Geliefde Gemeente,

Nou is nie die tyd vir klaagliedere nie.

Ook nie die tyd van verskuilde *"geestelike"* aggressie wat opgebou word teen God en al wat gesag is nie.

Ook nie die tyd vir geestelike *"twis"* nie. Gister het ek 'n studie van Habakkuk gemaak. Habakkuk, die *"biddende"* profeet. Habakkuk wat teenoor God uitvaar. ***(Hab. 1:12-17)***. Maar ook Habakkuk: wat geestelik tot inkeer kom. ***(Hab. 3:17 en 18).***

Tydens Klein-Kariba, het ek Skrif ontvang op die 26ste Januarie 2020. ***Hab. 3:19: "Die Here Here is my sterkte en Hy maak my voete soos die van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes."*** Ek het by daardie geleentheid die volgende inskrywing in my Bybel gemaak: ***"Ek het aan die einde van myself gekom."***

My boodskap aan u met hierdie skrywe is tweërlei. Regerings word geadviseer om die pandemie te benut ten opsigte van staatkundige veranderings. Die afgelope weke is dit presies wat ek met die personeellede gedeel het. Is dit nie interessant om daarop te let, toe Italië – 'n lidland van die E.U. – om hulp gesmeek het, en in plaas van hulp die Europese lande hul grense met Italië gesluit het. Gister, verleen Rusland en Cuba hulp aan Italië. Wat dink u sal die houding van Italië jeens die E.U. wees? Westerse demokrasieë, is besig om in duie te stort en nou kom dit nie as 'n verrassing dat ontleders meen, dit nou die aangewese tyd is vir 'n **Nuwe-Wêreld-Orde**.

Nou is die tyd om op te kyk: **JESUS GAAN KOM OP DIE WOLKE**!

Ons het almal uitgesien na eerskomende Sondag se diens. Wat ek wel weet, is dat die Heilige Gees aan die werk is in elkeen van ons, en dat ons verhouding met Christus getoets word.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

***"Laat julle harte nie ontsteld word nie:  glo in God."***

Jesus word verheerlik en ons dank die Heilige Gees, dat Hy ons in Sy liggaam in gekorporeer het, en dat ons deel van hierdie proses is:  van hierdie **VERHEERLIKING**.

Liefdegroete,

Ds. J.F.  Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST  0039  SOUTH AFRICA
+27  12  543 0333
+27  12  567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335